Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad

'N BETROUBARE LIP BESTAAN VIR ALTYD, MAAR 'N VALSE TONG VIR 'N OOMBLIK.

# Die O.B.

DIE VRESE VAN DIE HERE IS DIE BEGINSEL VAN DIE KENNIS.


VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 10 OKTOBER 1945. No. 46.

# DIE GROOT IDEE VAN PAUL KRUGER LEWE VOORT

***„Hy verteenwoordig 'n klein volk, maar 'n groot idee". So het een van die duisende lofbetuigings gelui wat aan Oom Paul gebring is tydens sy besoek aan Parys toe sy volk besig was om vir sy geboortereg te veg teen Britse Imperialisme.***

***Dit was byna 'n halfeeu gelede dat hierdie groot staatsman van die Boerevolk sy afskeidsboodskap aan die geslagte wat sy taak moes voortsit, nagelaat het: „Neem uit die verlede alles wat goed en edel is, en bou daarmee die toekoms".***

***Paul Kruger is wel weg en saam met hom duisende van die stryders wat vir dieselfde idee gestry het as hy. Daardie idee lewe egter nog en tesame daarmee die gees van ons Grotes en die rotsvaste beginsels waarop hulle gebou het.***



„'n Prag van 'n figuur om na op te sien" — so het 'n baie kritiese Hollander, wat as amptenaar onder die President gedien en later 'n koerantredakteur was, eenmaal van hom getuig.

## 'N WAARDIGE LEIER

Waar ons blad hierdie keer op die geboortedatum van Oom Paul verskyn, gaan ons ons lesers so'n kykie bied in sy persoonlike lewe — sy groot gees waarmee hy ook vandag nog 'n boodskap bring aan 'n nageslag wat besig is om homself te besoedel in partypolitieke vuilheid en enghartigheid. Dit is 'n paar grepe uit die herinneringe van wyle dr. W. J. Leyds, soos opgeteken deur Kees van Hoek in 'n personderhoud.*

„Vir byna vyftien jaar het ek dag vir dag met hom saamgewerk. Ons het saam gereis, saam gaan wandel, saam in dieselfde ossewa geslaap. Wat my die meeste getref het, was sy waardigheid. **Dit was tipies van die Boere in daardie dae, hulle was besonder goed gemanierd. Niemand sou daar by voorbeeid aan dink om in 'n ander se huis in te stap met 'n pyp in die mond nie.**

„Paul Kruger se naam en faam het hy self gemaak. Sy persoonlike dapperheid in die veldtogte teen die kaffers het vir hom roem verwerf as die dapperste onder die dapperes. Mettertyd het hy bekend geraak vir sy gesonde advies, in die krygsraad sowel as in die kerkraad en volksraad.

„Dit word soms beweer dat hy ongeletterd was. Dit is natuurlik onsin. Hy het min gelees en geskryf omdat sy oë so swak was. Die ooghare het na binne gegroei en die oë geirriteer, sodat hy gereeld daarvoor moes behandel word. In later jare het dr. Heymans hom daagliks behandel om die lewe ook maar enigsins draaglik te maak. Hy was natuurlik geen geleerde man nie, maar hy het tog 'n deeglike kennis van baie sake gehad. **Dit was sy gewoonte om met toe oë na wetsontwerpe en memoranda te sit en luister,** terwyl dit vir hom voorgelees word, en jare later kon hy nog die kleinste besonderheid en verandering onthou, want sy geheue was verbasend.

### RUIMHARTIG

„Hy was ook nie bekrompe van gees nie. Sy neiging was om liberaal te wees, 'n ontwikkelde man in die politiek sowel as in sake wat die godsdiens betref. Ekself het nie my kinders laat doop nie — 'n uiters onchristelike daad in daardie dae. Maar hoewel die President dit diep betreur het, het dit hom nie minder vertroulik teenoor my gemaak nie, en ek het ook nie sy liefde daardeur verloor nie.

**„Hy kon so fyn wees soos 'n vroumens in klein attensies. Hoewel hy onskeibaar was van sy pyp, het hy nooit gerook as ek by hom was nie, omdat hy geweet het dat dit my keel aantas. Hoewel hy 'n sterk familieliewende man was, wou hy nie toelaat dat een van sy seuns in die staatsdiens moes gaan nie. Sy eerlikheid was soos die Bybel.**

Hy het eenmaal in die middel van die nag na my huis toe gekom om te erken dat hy my verongelyk het. Hy het geweier om teen sy vyande enige informasie te gebruik wat hy van hulle geweet het uit die dae van sy vriendskap met hulle, en hy was uiters lojaal teenoor sy amptenare. In sy eie kantoor kon hy hulle soms ongenadiglik uitskel, maar in die Volksraad het hy soos 'n man by hulle gestaan.

### WAAK TEEN VERDEELDHEID


„Daar is mense wat die indruk maak met die gawe van 'n goeie hart; ander weer met die talente van hulle brein. Kruger het albei besit. Bismarck het my self vertel dat hy 'n

(Vervolg op bls. 2)

*) Later in Afrikaans gepubliseer deur J. L. van Schaik.


BINNE 10 DAE
'N GESONDER MAN . . . .
BINNE 90 DAE
'N STERK MAN . . . .
of so nie betaal ek u lesgeld terug.

JOHAN HEFER
se duisende suksesse is
U WAARBORG



Seuns en jong mans verlang
MOOI SPIERE en
REUSE KRAG . . . .

Bejaarde mans verlang
BLYWENDE GESONDHEID

JOHAN HEFER voorsien in altwee.

Ontvang u kursusse deur die pos en oefen in u slaapkamer, sonder dat enigeen daarvan weet.

Billike pryse. Maklike terme.

Skryf vandag of vul die Koepon in en pos dit aan:

JOHAN HEFER
Hefer-Instituut — Bus 3494, Kaapstad.

Stuur my asb. gratis besonderhede omtrent u kursusse.

Naam ..............................................................

Adres ..............................................................

Ouderdom ..................

## Die Groot Idee

(Vervolg van bls. 1)

baie groot indruk op hom gemaak het. Versiende soos hy was, het hy besef dat die grootste swakheid van sy landgenote hulle verdeeldheid was. **Hy het gedurig getrag om hulle daarvan te oortuig.** Hoe goed onthou ek nog sy informele geselskap op die gasvrye stoep van sy huis waar hy enigeen ontvang het wat hom kom raadpleeg. **Hy was altyd daarop uit om eensgesindheid te verkry oor die maatreëls wat hy wou tref, en waardeur hy soveel as moontlik van die bevolking wou raak.** Maar hy was slim genoeg om nie te vinnig te gaan nie. Hy het altyd hom eers oortuig dat sy mense hom volg, en nooit by sy doel verby geskiet nie.

„Van sy eenvoudige grootheid van hart kan ek geen treffender voorbeeld onthou nie as die feit dat die President op Pretoria-stasie was om my te ontmoet by my terugkeer uit Europa in 1896. Dit was 'n besondere eer wat hy voor die tyd slegs aan mevrou Kruger bewys het. Hy het my na sy huis geneem in sy koets, en daar vir my gesê, terwyl hy albei my hande in syne neem: „Dokter, ek het jou so baie gemis, en solank as jy weg was het ek elke dag vir jou gebid".

„Wie kan dit nou help om aan so'n leier geheg te wees?"

### DIE VOLKSRAAD

Dr. Leyds het ook met groot lof van die Transvaalse Volksraad gepraat. In antwoord op 'n vraag of daar nie baie oortollige besprekings plaasgevind het nie, het hy geantwoord:

„In 'n seker sin, ja, maar 'n mens sal dit nooit anders kry in Suid-Afrika nie. Hulle het tog so graag na hul eie stemme geluister! **Maar hoewel 'n mens gely het onder daardie spraaksaamheid, kon 'n mens darem nie help om hulle te bewonder nie. Hulle was gebore wetgewers en het al hul kragte aan die taak gewy. Tussen die Volksraadsittings in gaan hulle in die distrikte rond waar hulle aan hulle kiesafdelings die wette verduidelik.**

„Die Raadslede was baie op hul waardigheid gesteld. Na al die afgelope jare, waarin ek so baie parlemente bygewoon het, gee ek die ou Republiek se Raadslede die pluimpie vir parlementêre decorum. **Met hul imponerende baarde, altyd in swart gekleed met 'n wit das, en met 'n voorsitter wie se wil onbetwis was, het hulle geweet hoe om nie slegs orde nie, maar die waardigheid self te bewaar. Die Volksraad het in werklikheid na die Senaat van die volk gelyk, en dit is 'n kompliment wat 'n mens nie aan baie verteenwoordigende vergaderings vandag kan maak nie".**

## KERSFEES KAARTJIES

O.B.-lesers sal bly wees om te verneem dat hulle vanjaar hul eie Kersfeeskaartjies in drie kleur-ontwerpe met die O.B.-wapen daarop, kan bestel van die Pro Ecclesia-Boekhandel, Stellenbosch.

Die verkoop van hierdie kaartjies sal ook die Boerejeug baat, aangesien die helfte van die wins na hulle gaan. Verdere besonderhede verskyn in 'n advertensie in hierdie uitgawe op bladsy ses.

By geleentheid van 'n pannekoekaand ten huise van komdt. en komdte. Baehnisch het die mans- en vroue-kommando's van Brixton (E3A3 en E3A8) gesellig verkeer. Die mooi bedrag van £18 is byeengebring.

# Moedverloor Is Alles Verloor


## Verslaande Volk Besiel Deur Sy President

**Anders as President Kruger, wat in die vreemde gesterf het kort na die onderwerping van sy volk, en slegs maar vergesig-boodskappe van hoop oor die waters kon stuur, het President Steyn gespaar gebly om vir nog 'n lang tyd sy volk te besiel in die opdraande stryd wat gevoer moes word op die puinhope van die oorlog. In sulke toestande het 'n volk 'n ware leier nodig.**

**Hoe was dit moontlik vir 'n leier met al die ellende om hom heen en die toekoms op daardie oomblik stik donker, om sy volk tot verdere stryd te besiel? Om hierdie vraag te beantwoord het ons 'n onderhoud met 'n dogter van die President gehad — genle. mev. J. S. du Toit. Ons het aan haar die vraag gestel: „Waar so baie van ons volk na die afgelope oorlog geneig is om te wanhoop aan ons toekoms, kan u vir ons sê watter houding wyle President Steyn in nog moeiliker omstandighede ingeneem het?"**

Genle. Du Toit het geantwoord:

Ek kan iets omtrent my eie ondervinding meedeel. Daar was eendag toevallig 'n kommandant in sy studeerkamer. Hy het kom kla dat hy al sy moed verloor het. „Toe ek die wapens opgeneem het," so het hy gesê, „was ek nie alleen 'n welgestelde man nie, maar ook die vader van ses kinders en die eggenoot van 'n dapper vrou. Met die terugkeer uit my ballingskap moes ek die tyding kry dat my vrou en kinders almal in die kamp omgekom het. My plaas is totaal verwoes. Wat is daar nou in die toekoms vir my? Die dood is vir my verkiesliker; ek wou dat ek gesneuwel het in plaas van die lewe behou het."



Pres. M. T. STEYN

My pa se antwoord klink nog helder in my ore. Kalm maar betekenisvol stel hy die vraag: Waarvoor het jy geveg?

Die Kommandant antwoord: „Vir ons vryheid natuurlik."

My vader antwoord hom: „Dus dit was om die beskerming van jou vrou en kinders en om te probeer red alles wat vir ons dierbaar en heilig was wat jou na die geweer laat gryp het, en nou dat ons die wapens moes neerlê, wil jy moed opgee? Nou **juis het ons manne van moed nodig wat weer hulle plase kan opbou en ons eie volkie weer kan dien.** Jy om te lewe. **Dit was toe dit in die diepste van my deurgedring het dat die wapens neergelê is.** Ek self totaal 'n wrak; 'n sieklike vrou en vyf kinders moet ek nalaat. Wat sou my nalatenskap aan hulle wees? Wat sou dit wees vir die Vrystaat? Die twee wat my so vertrou het, my huisgesin en my volk? Ek het hulle in die steek gelaat. Kon ek oorlog verhoed het? Wat gaan ek nou doen? Liggaamlik kon ek aan geen stryd deelneem nie. Dit was 'n lang nag en 'n swart nag maar vroeg die more kom jou moeder die kamer in en haar vrolike stem met, „Hoe gaan dit

moet dit onthou daar staan geskrywe: „My kom die wraak toe." **Laat dit in Sy hande, doen jy jou plig en wees net so 'n moedige burger as wat jy was vir die vryheid van die volk, want moedverloor is alles verloor.** Daarvoor het jou vrou en kinders nie in die kamp omgekom dat jy nou moet tou opgooi nie."

Sy onwrikbare moed bly, wat my persoonlik betref, altyd 'n inspirasie.

### DONKER NAG

Na die vertrek van die Kommandant vra ek hom toe: „Maar het pappie dan nog nooit self moed verloor nie? „Ja," sê hy, „een swart nag onthou ek in my lewe, toe ek werklik verkies het om te sterf as

vanmore?" het my so diep getref dat ek gevoel het, hoe die pad ook sal wees weet ek nie, waarlangs dit sal lei, weet ek nie, maar ek moet alles in my vermoë doen om te lewe om haar vertroue en haar moed waardig te bly, en wie weet, deur haar sou ek miskien kan help om iets te doen. Ek was ook te siek om baie verder as net die teenswoordige te dink en van daardie oomblik tot vandag toe was sy my inspirasie, my oë en my hande, en het haar moed my elke keer ook moed gegee om te volhard en ek kan eerlik sê ek het nooit weer een dag moed opgegee nie. **Onthou jy net dit altyd vir jou lewe: moedverloor is alles verlore."**

### GELOOF GEHAD

Op die vraag of die President werklik in die eindoorwinning van ons volk geglo het en of hy maar net tot die stryd aangespoor het omdat hy dit as 'n plig beskou het, het genle. Du Toit geantwoord:

Ja, hy het volle vertroue in die toekoms van die Afrikaanse volk gehad, soos geblyk het uit gesprekke wat ek met hom gehad het na die eerste verkiesing wat gevolg het op die skenking van selfbestuur en die totstandkoming van die Unie. Ek het hom destyds eenmaal die vraag gestel wat hy reken ons grootste beskerming is. Hy het geantwoord:

**„In die eerste plaas moet jy nooit vergeet watter rol die Kerk in ons volkslewe gespeel het nie.** Die Kerk het vir ons volk beteken wat die Tabernakel vir Israel beteken het. Dit was die byeenkomplek van die volk waar hy net Afrikaans gebly het. In die Vrystaat veral het die Kerk ten volle die lot van die volk gedeel. 'n Volk wat sy ankers soos ons volk het in die Kerk, kan nie maklik as volk verdwyn nie, want dit bly die sametrekking van die volksgeledere wat nog oor is. **Die dubbele bewys is dat dit die Psalms en Gesange en die Bybel was wat die burgers op die veld en die vroue in die kampe moed gegee het om te volhard. Vader Kestell was by voorbeeld vir ons dikwels meer werd as 'n hele kommando weens die inspirasie wat van hom uitgegaan het.**

### AFRIKAANS

My vader het ook die Kerk gesien as die bewaarplek van die Afrikaanse gedagte. Hy het beklemtoon dat hoewel daar veral in Kaapland baie Afrikaners voorgekom het wie se huistaal Engels geword het, hierdie mense tog nog na die Afrikaanse Kerk gegaan en daar in Hollands moes deelneem. Dit was dan ook veral die kerklike leiers wat op die voorpunt van die kulturele stryd gestaan het.

**Hy het geglo dat Afrikaans nog so sou vorder dat dit in die skole, die Kerk en die pers aanvaar sou word.** Hy het weliswaar nie alles hiervan belewe nie, maar hy het tog die eerste botsels van die Afrikaanse taal aanskou. Die eerste Afrikaanse koerant, naamlik Die Burger, het nog voor sy dood verskyn, en die gedagte om die Bybel in Afrikaans te vertaal was reeds toe al druk bespreek.


**Sy gevoel vir die Afrikaanse taal spreek dan ook duidelik uit die telegram wat hy nog kon gestuur het aan die eerste taalkongres in Kaapstad: „Die taal van die veroweraar in die mond van die verowerde is die taal van slawe".**

En hy het geweet dat die vroue wat deur die kampe geworstel het en die manne wat tot die bitter einde vir hul vryheid geveg het, beslis geen slawe was nie, het genle. Du Toit besluit.

# K.G. LÊ ERE-PRESIDENTSKAP VAN A.N.S. NEER MET OOG OP VOLKSBELANG

Die Kommandant-generaal dr. J. F. J. van Rensburg, het bedank as ere-president van die Afrikaanse Nasionale Studentebond, ten einde 'n onbelemmerde pad te laat vir toekomstige hergroepering van studenteliggame wat mag plaasvind met die oog op beroering wat in studentekringe ontstaan het as gevolg van kleur en rassekwessies.

In sy brief aan die bestuur verklaar hy o.a. dat „met die liberalistiese stroom wat blykbaar in die studente-wêreld deurbreek op die gebied van kleur- en rassekwessies is dit aanneemlik om te verwag dat 'n hergroepering van studenteliggame kan plaasvind, of minstens oorweeg gaan word deur die elemente wat nog glo in die meerderwaardigheid van die witman in hierdie land as teenvoeter teen dié wat dit begin betwyfel.



Dr. Van Rensburg

„Sonder om te weet in hoeverre die A.N.S. so 'n hergroepering kan inlei of steun, voel ek nietemin dat dit wenslik is om u Bond onbelemmerde bewegingsvryheid te gee in die kwessies wat voorlê. Waar u as ere-president iemand het wat in 'n strydbeweging lei, waarmee baie, hetsy uit andere oortuigings of uit gebrek aan kennis, nie kan saamvoel nie, is dit dalk die tyd vir my om ook in hierdie opsig u 'n onbelemmerde pad te laat. Veral dink ek hier aan die vergemakliking van gemeenskaplike optrede met Engelssprekende universiteite in hierdie gemeenskaplike saak wat elke blanke raak.

„In hierdie gees wil ek met alle welwillendheid teenoor u bestuur en u Bond my ere-presidentskap neerlê en tegelykertyd my dank en waardering uitspreek vir die eer wat u Bond my aangedoen het en die verkwikkende omgang wat dit dikwels met sig gebring het. Ek wil die hoop uitspreek dat die omgang nie slegs ex officio was nie en dat dit derhalwe sal voortduur."

## STUDENTE HOU ARBEIDSKAMP

Die Studente-kommando's van Stellenbosch het die afgelope vakansie weereens die tradisionele arbeidsdiens-kamp gehou op die plaas Brandwag van komdt. Koos Theron in die distrik Tulbagh.

In die pragtige omgewing van die Klein-Winterhoekberge het 'n 25-tal mans en dames weereens onder leiding van kampkomdt. Hennie Marais hulle vir diens ingerig. Die O.B.-kampterrein is verbeter deur 'n pad van ongeveer 200 tree in die berg uit te grawe onder aanvoering van komdt. J. W. Bell.

Bedags is gewerk, en saans met die aandskemering het almal om die tradisionele kampvuur vergader. Almal kan nie genoeg praat van die gasvryheid van die goedgesindes nie, en van die aangename gees wat geheers het. Afrigting in sang-oefening is ook ontvang in die kamp.

## A.N.S.-Leier Oor Bedanking

Die bewering van die H.N.P.-pers as sou die K.G. bedank het as ere-president van die A.N.S. omdat hy daartoe sou versoek wees, word deur die leier van die A.N.S., mnr. W. A. Joubert, wat tans op Stellenbosch met vakansie is, ten sterkste ontken.

„Daar is nie 'n woord van waar nie," het mnr. Joubert verklaar.

In 'n toespraak voor die A.N.S. verlede Woensdagaand het mnr. Joubert gesê dat die A.N.S. nog presies staan by sy verklaring soos gepubliseer in Wapenskou van April hierdie jaar. Daarin is beklemtoon dat dr. Van Rensburg vroeg in 1941 gekies is as ere-president toe dit deur die Afrikaanse pers van alle partye verwelkom is. Die A.N.S. het nog nooit gesien waarom hy hom in die gesig moes klap omdat die partypolitiek met hom in twis verval het nie. Die A.N.S. handhaaf die volk as eenheid en verwerp alle seksionalisme. Die feit dat dr. Van Rensburg ook die leier van een van die Afrikaanse organisasies is, raak geensins sy status as eerbare Afrikaner nie, en derhalwe ook nie sy posisie as ere-president van die A.N.S. nie.

Indien dr. Van Rensburg nou besluit het om te bedank in daardie hoedanigheid, doen hy dit uit vrye keuse, en sal die bedanking nog deur die A.N.S.-bestuur en kongres oorweeg moet word.

## *Geskiedkundige Datums Vir Oktober*

Namens Boere-baba A. S. E. P. Botha (7 Okt.) word onderstaande lys van geskiedkundige datums vir die maand Oktober gepubliseer:

Die maand Oktober is die maand waarin die meeste verjaardae van ons helde voorkom, naamlik drie Presidente en twee beroemde Generaals.

2 OKTOBER: Geboortedag van Pres. M. T. Steyn, 1857.

5 OKTOBER: Geboortedag van Pres. F. W. Reitz, 1844.

Ook die teregstelling van Jacob Schoeman te Tarkastad, 1901.

7 OKTOBER: Geboortedag van Genl. Christiaan de Wet, 1854.

10 OKTOBER: Geboortedag van Pres. Kruger, 1825.

Ook stigting van Voortrekker-Universiteit, 1930.

11 OKTOBER: Geboortedag van Genl. De la Rey, 1848.

12 OKTOBER: Genl. Gert Gravet dodelik gewond, 1900.

13 OKTOBER: Eerste Uniale O.B.-Offisierskonferensie op Bloemfontein, 1941.

20 OKTOBER: Genl. Beyers by Damhoek, 1914.

30 OKTOBER: Slag van Bakenlaagte, 1901.

(Die geboortedag van genl. De la Rey word ook aangegee as 22 Oktober 1847. — Red.)




## 10 Oktober As Vakansiedag

## Wat Verhinder Die Regering?

Die volk eis al jare lank dat 10 Oktober tot openbare vakansiedag verklaar moet word. Ons sit opgeskeep met verskillende uitheemse dae wat gevier moet word, selfs al ken die grootste deel van die volk nie eens die betekenis van die dae nie. Waarom het dit nog nie geskied nie?

Dit is nie net die kultuurbewuste deel van die Afrikanervolk wat aandring op 10 Oktober as vakansiedag nie, maar selfs so 'n gemengde verteenwoordiging as die stadsrade het hulle al eenparig in Transvaal en Vrystaat ten gunste van so'n verandering uitgespreek. Die Transvaalse vereniging van munisipaliteite het kort gelede nog weer 'n afvaardiging na die regering gestuur om 10 Oktober as Krugerdag te erken.

Waarom talm die regering nog? Is dit gebrek aan belangstelling of vyandigheid teenoor Suid-Afrika se eie?

Die volk word gesus met die belofte dat wetgewing oorweeg word. Maar as die partypolitieke spraaksaamheid van die Unie-parlement nie eens tyd laat vir mynteringwetgewing en maatskaplike beveiliging nie, wanneer gaan 10 Oktober aan die beurt kom as dit nog maar in die proses van oorweging is?

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.
Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

A.V.B.O.B
Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisversekeraars
BLOEMFONTEIN — PRETORIA
130 Takke


*'N MOOI LEERSAK*
*is baie belangrik*
*by u uitrusting.*
*Kry dit by*
Steyns
Die Dames-Winkel
PAROW

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon [illegible]




*'n Egte Suid-Afrikaanse Produk*

Kry dit by u Handelaar of Apteker

Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK.
Posbus 3180 — KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 10 OKTOBER 1945.

# Bokant Hul Vuurmaakplek

Dit is jammer dat die partypolitiek so klein is dat dit selfs nooit eens so hoog as die onpartydige kan opstyg nie. Die partypolitiek het so'n oorvloed aan sy eie kwaad waarop hy na hartelus kan teer, dat 'n mens wonder waarom daar nog na onwaarhede die toevlug geneem moet word in die aanhitsing van die volk tot onderlinge uitdelging. So het die H.N.P.-pers die afgelope week die bedanking van dr. Van Rensburg as ere-president van die A.N.S. aangegryp as 'n gebeurtenis om sy eie politiek te verryk deur dit in die ongeurigste vorm aan sy lesers op te dis. Dr. Van Rensburg sou dan op versoek van die A.N.S.-leiers bedank het. So heet dit in Die Burger.

Die motief wat agter dr. Van Rensburg se bedanking sit, is vir hierdie politici so buite die bevatting dat hulle dit eenvoudig nie kan sluk nie. Vir 'n partypolitikus, wat sy hele vermoë — van die boosheid van sy hart tot die beskeidenheid van sy gees — op die altaar van ere-possies werp, gaan dit die verstand te bowe dat 'n man as ere-leier van 'n organisasie kan bedank net omdat hy voel dat dit moontlik tot groter heil van sy volk kan wees.

## NUWE GEDAGTE

Deurdrenk met die Volksbewegingsgedagte wat stry terwille van die volk en bereid is om die eie organisasie op die agtergrond te stel indien dit die belange van die volk kan bevorder, het dr. Van Rensburg afgetree as ereleier van die A.N.S., omdat daar 'n stryd aan die universiteite ontbrand het oor die lewensvraagstukke van die Afrikanerdom. Hierin mag geen seksionele belange in die pad staan nie. Dit is 'n saak wat die toekoms van ons volk raak, en die eerste slag word juis gelewer tussen die burgers van more.

Omdat sy persoon reeds deur die partypolitiek by so baie in verdenking gebring is, bied hy by sy organisasie aan om terug te staan sodat hulle bewegingsvryheid kan hê in samewerking met ander liggame, en nie moontlik deur sy teenwoordigheid gekniehalter word ten koste van volksbelange nie. **Dit is 'n daad wat respek behoort af te dwing by elke persoon wat die heil van sy volk nastrewe, en die feit dat die partypolitici hieroor struikel, is slegs 'n verdere bewys van die betreurenswaardige feit dat hulle hul nie een voel met die volk nie, maar slegs agentwerk vir laasgenoemde wil doen met die oog op selfverheerliking.**

Die optrede van dr. Van Rensburg, wat terugstaan waar hy dit in belang van sy volk ag, steek skerp af by dié van partypolitici wat 'n oorlog teen mede-republikeinse organisasies aangeknoop het omdat laasgenoemde onwillig was om die partypolitici se opgedronge leierskap te aanvaar.

**Dit is dan ook die wesensverskil tussen die partypolitiek en die Volksbeweging: die een veg vir homself en die ander vir die volk.**

# SLAAN ENGELAND MUNT UIT LIEFDADIGHEID?

Dit wil voorkom of Brittanje op die oomblik van die wêreldnood gebruik maak om 'n vet slag te slaan in die voedselhandel. Berigte word na alle dele van sy Ryk uitgesaai oor hoe die Britte hul mage steeds vaster moet trek weens 'n voedseltekort. En hierdie noodkrete bly nie onbeantwoord nie. In ons eie land word daar deur lojaal-sieke Britte gekollekteer vir gratis voedsel aan Engeland in terme van honderdduisende ponde.

'n Tyd gelede het daar egter 'n berig in die pers verskyn oor Engeland se uitvoer. **Daarin is vermeld dat twee-derde van Engeland se uitvoer op die oomblik uit voedsel bestaan. Dit wil dus voorkom of Engeland sy handelsagterstand probeer vergoed deur op gewetenlose wyse die rol van blinde bedelaar te speel wat om die hoek weer groot winste slaan uit die werklike behoeftige volke van die Vasteland.**

Dit verklaar miskien ook die feit waarom Engeland nie bereid is om ons vleis teen heersende pryse te koop nie, omdat hy dit te hoog ag. **Dit is omdat hy dan nie genoeg wins daaruit kan maak nie. 'n Honger man is bereid om selfs swartmarkpryse te betaal.**

In hul blinde lojaliteit is Suid-Afrikaanse Engelse besig om Engeland wetend of onwetend te help met hierdie vorm van besigheid. In 'n artikel waarin hy na die haglike toestande in Duitsland verwys en ewe koelbloedig beduie dat die Duitsers van kos voorsien moet word „nie uit jammerhartigheid nie, maar terwille van blote selfbehoud", verklaar die Cape Times:

> „Hierdie maatreëls vereis selfopoffering aan die kant van sommige lande soos Engeland, van wie reeds so baie geverg is. **Te meer rede daarom vir meer bevoorregte lande soos Suid-Afrika om toe te sien dat Engeland self nie gebrek ly vir sover ons dit kan verhelp nie"!**

Waarom kan Suid-Afrika — „terwille van selfbehoud" dan maar — nie regstreeks voedsel aan Duitsland stuur nie? Is dit omdat die Cape Times bewus is van die waarskynlikheid dat Engeland ons voedsel na Europa uitvoer en in dié proses van liefdadigheid darem 'n aansienlike ekstratjie vir homself verdien?

# Moskou se Indringing Verwek Oral Stryd

## Vlieg In Almal se Salf

Die aandag van die wêreld is deur die pers toegespits, en moontlik met reg, op die konferensie van buitelandse ministers in Londen. Skouspelagtige berigte is die wêreld ingestuur oor wrywing wat telkens ontstaan tussen die Angel-Saksers en die Russe, meestal ten opsigte van bondgenoot Stalin se onversadigbare gebiedseise. Met hoogspanning wat wissel tussen verligting en neerslagtigheid aanskou die oorlogsatte mensdom die dramatiese eerste ronde van die bondgenote se vredesreëlings.

In Parys vind egter ook 'n konferensie plaas — 'n konferensie naamlik van die bondgenote se vakbonde met die uitgesproke doel om 'n wêreldvakverbond te stig.

Die konferensie van buitelandse ministers in Londen en die konferensie van vakbondleiers in Parys het hoegenaamd niks met mekaar te doen nie. **En tog . . . dieselfde vlieg in die apteker se salf maak albei die konferensies stinkend.**

**Netsoos die konferensie van ministers, dreig ook dié in Parys om onverrigtersake uitmekaar te gaan, vanweë die onversoenlikheid van en met Sowjet-Rusland, onder leiding van die wêreld se Eerste Kommunis, „maarskalk" Josef Stalin.**

### BLOOTS

Dit is duidelik en onweerlegbaar dat Stalin sy bondgenote bloots ry. Die vraag is net of hy uiteindelik daarin sal slaag om die saal op hul rug te gespe, en of hulle vóór die tyd in staat sal wees om hom in die stof te laat byt.

Suid-Afrika se afgevaardigde na die Paryse konferensie, mnr. W. J. de Vries, het 'n taamlik harderige hou ingekry toe hy op die kongres verklaar het:

**„Ek is nie verbaas dat die administratiewe komitee van die wêreldvakbondkongres nie toegang tot die San Francisco konferensie verleen is nie. Die owerheid het miskien gevrees dat hierdie nuwe liggaam 'n werktuig van 'n sekere politieke beleid is en dat dit 'n uitstekende verhoog kan wees vir ekstremistiese linkse propaganda."**

Wanneer mnr. De Vries waarsku dat die te stigte wêreld-vakverbond „'n werktuig van 'n sekere politieke beleid" kan wees, slaan hy die bal baie raak. **Die O.B.** het, trouens, die te stigte internasionale arbeidsliggaam sonder doekies omdraai sy volle naam gegee: **dit is die Paryse Komintern, die gecamoufleerde plaasvervanger van die Moskouse Komintern, wat met so 'n vroom gesig „ontbind" is.**

### OOK BY ONS

Die stryd wat nou, volgens persberigte, in Parys op die konferensie aan die gang is, is 'n botsing tussen, aan die een kant die Russe, wat 'n internasionale werkersvereniging wil stig **om te dien as werktuig van die kommunisme,** en aan die ander kant die res van die afgevaardigdes, wat 'n internasionale werkersvereniging wil hê, sonder enige bybedoelings.

**Hierdie stryd vind ons ook in ons eie land weerspieël. Vir Suid-Afrika wil die O.B. skoon en egte vakbonde hê, nie vakbonde wat, in die woorde van mnr. De Vries, „'n uitstekende verhoog kan wees vir ekstremistiese linkse propaganda" nie.** Daarom wil die O.B. huis skoonmaak in ons arbeidswêreld, wil hy ons vakbonde suiwer van kommunistiese invloede. **Vir hierdie taak soek en verwelkom die O.B. bondgenote, want dis nie 'n seksionele taak nie, maar wel 'n nasionale plig.**

*Later:* Na heelwat dwarstrekkery het die konferensie oorgegaan tot die stigting van 'n „Wêreld-vakbondfederasie", maar eers nadat die Britse voorstel dat voorsorg getref moet word om toe te sien dat slegs bona fide vakbonde toegelaat word, aanvaar is.

## Aankondiging

Die Gebiedshoofkwartier van Wes-Kaapland maak bekend dat generaal Reenen de Villiers, van Carnarvon, bevorder is tot hoofgeneraal oor A12 en 13. Genl. De Villiers behou terselfdertyd die bevel oor A13.

Genl. A. J. Herholdt van De Aar, wat bevel gevoer het oor A12, is op die reserwelys van offisiere geplaas en genl. D. J. Bezuidenhout van Paauwpan het die bevel oorgeneem.

## Aankondiging!

# HELDEDAGVIERING

## Kaapstad Vrydag 12 Oktober

## I.P.V. 10 OKT.

***Weens ongelukkige belemmering waaroor ons geen beheer het nie, moes die viering uitgestel word tot VRYDAG, 12 OKTOBER, SELFDE PLEK EN TYD.***

***Die aantreklikheid van die program soos reeds bekend gemaak sal nie hierdeur verminder word nie. — KOM DUS SEKER EN BRING U VRIENDE EN BELANGSTELLENDES SAAM!***

# £50 Vir Horlosie Wat Hard Tik

## Ongelooflike Toestande op Berlynse Swartmark

**Onder die opskrif „die swartste mark van almal", beskryf 'n korrespondent van een van die Londense blaaie wat hy opgemerk het tydens 'n besoek aan die Berlynse swartmark.**

Hy berig:

„Daar kan deesdae baie geld in Berlyn gemaak word. Die moeilikheid is net om dit uit die land te kry, want die soldate word nie toegelaat om meer geld as hul soldy huis-toe te stuur nie. Sigarette word verkoop van £2.10.0 tot £3.15.0 vir 20, en dieselfde prys word betaal vir 'n klein stafie sjokolade.

„Die beste klandisie op die swartmark is die Russe, want dit is nie vir hulle verbode nie. Hulle is vir die eerste maal in vyf jaar betaal en hulle mag nie geld uit Berlyn stuur of neem nie. Dit is 'n grootse toneel om te sien hoe die Russe hul geld kwytraak. Almal van hulle se grootste begeerte is om 'n polshorlosie te besit, en hoe groter hy is en hoe harder hy tik, hoe meer sal hulle betaal. Kwaliteit is van geen belang nie, en hulle betaal van £50 opwaarts.

**„Ek het een Rus gesien met sewe polshorlosies aan sy arm, almal waarvan 'n verskillende uur aanwys.**

„Die volgende van belang is klerasie. Ek het gesien hoe 'n Russiese meisie-soldaat £20 vir 'n ou afgeleefde rok betaal wat in stukke wil val. Die Russe is ook mal agter skoene met blink leer en skerp punte. Hulle pas dit nooit aan nie, want hulle dra dit nie. Hulle hang dit aan die mure as ornamente. 'n Klein seuntjie het 'n stuk leer aangebied vir £5 wat in Engeland voor die oorlog nie ses pennies werd was nie.

Hy vertel voorts van 'n Suid-Afrikaanse vrou wat hy op die swartmark raakgeloop het, wie se vader 'n Engelsman is en die moeder 'n Duitser, en wat in Duitsland getroud is. Haar man het aan die Oosfront gesneuwel. Sy was op pad om haar trouring van die hand te sit „vir sjokolade, geld of enigiets om te eet".

Sy het £12-10-0 en drie blikkies vleis daarvoor van 'n Rus ontvang. Dieselfde Rus het sy geld teruggekry deur Russiese vuurhoutjies aan 'n Duitser te verkoop teen 10 mark vir 'n dosie en 'n doos suiker vir 300 mark.

Die Suid-Afrikaanse vrou het aan hom gesê dat sodra haar beseerde been beter is, sy haar wil gaan verhuur aan die Britte in 'n kombuis. Daar sal sy darem miskien een maaltyd per dag ontvang, en dit sal haar deur die winter help. Die Duitsers kry wel rantsoene „om hulle aan die lewe te hou — niks meer as aan die lewe hou nie", verklaar die korrespondent.

# Brit Vrees Baie Ernstige Oorlog

## Russiese Ambisies

In 'n artikel in een van die Britse blaaie vaar die bekende Engelse skrywer Bertrand Russell uit teen die Russiese imperialisme, luidens 'n berig in die Cape Times. Hy verklaar:

**„Feite weerspreek die argument dat imperialisme onverenigbaar met kommunisme is. Rusland het Oos-Pole en die Oossee-state geannekseer, het poppe-regerings in Pole, Roemenië en Bulgarye aangestel, en eis Port Alfred en 'n halwe aandeel in die Sjinese oosterse spoorlyn. As dit nie imperialisme is nie, wat is dan?**

„Dit is nog nie die einde van Rusland se ambisies nie. Oeroue oogmerke teen Turkye en Persië begin weer herleef. Daar is rede vir agterdog teen Rusland se bedoelings met Oos-Duitsland.

**„Rusland se geweldige militêre mag word vir die oomblik nog in toom gehou deur die atoombom, maar eerlank sal Rusland ongetwyfeld net so 'n goeie (of slegte) bom hê as die Amerikaners, en sodra dit gebeur, is daar die moontlikheid van 'n baie ernstige oorlog.**

„Sulke kranksinnigheid moet verhoed word indien moontlik, maar dit is nie maklik om te sien hoe nie. Ek glo nie die vrede kan duursaam bewaar bly deur 'n beleid van tevredestelling soos ons teenoor Duitsland gevolg het tot by Munchen nie".

# *Soldate Soek Iets Nuuts*

## *Verwag Geen Heil Van Partypolitiek*

**Soldate wat uit die noorde teruggekeer het, het vir 'n baie groot meerderheid alle vertroue in die partypolitiek verloor. Dit is die gevolgtrekking waartoe 'n verteenwoordiger van die O.B. gekom het nadat hy met 'n hele aantal soldate gesels het.**

Een soldaat het verduidelik dat die meerderheid van die manne in die Noorde op die oomblik 'n heeltemal afsydige houding inneem ten opsigte van bestaande partye. Die kommuniste onder dekmantel van die „Springbok Legion", het probeer om van hierdie houding gebruik te maak deur die soldate vir die kommunisme te wen. Maar die kleurbeleid van genoemde organisasie het hulle so afgeskrik dat hulle niks daarmee te doen wou gehad het nie. **Die ledetal van hierdie sogenaamde soldate-organisasie is dan ook werklik gering onder die soldate. Hulle het hoofsaaklik kleurlinge en Jode en 'n geringe aantal oningeligtes uit ander kringe beweeg om tot die organisasie toe te tree.** Organiseerders van die „Springbok Legioen" het duidelik deur hul optrede laat deurskemer dat hulle baie meer begaan was oor die verspreiding van kommunistiese idees as oor die welsyn van die soldaat. Offisiere — meesal Jode — wat lid van die organisasie is, het by die terugkeer van die soldate op die skip met groot ywer manne toegespreek en gepleit vir gelykstelling in die burgerlike lewe tussen die blanke en nie-blanke soldate wat „vir dieselfde saak geveg het."

### TELEURGESTEL

**Die houding van die soldate oor die algemeen is een van teleurstelling in die regering wat nie bereid is om sy wilde beloftes uit te voer nie.** Baie min soldate sal in die vervolg weer vir die regerende party stem, het een teruggekeerde soldaat gesê. **Maar dit beteken nie dat hulle nou hul gewig by die opposisieparty sal inwerp nie. Hulle het nie alleen alle vertroue in die regerende party verloor nie, maar ook in die partypolitieke stelsel as sodanig.** „Die parlementêre stelsel is 'n vuile klug en ons weet dat die een party maar so magteloos soos die ander is", het 'n soldaat verklaar.


**Hy het gesê dat die soldate wag op iets nuuts.** Hulle weet nog nie presies waar om hul gewig in te gooi nie. Leuenagtige propaganda teen die Ossewabrandwag het baie van hulle nog buite die Beweging gehou,

(Vervolg in kol. 2)

(Vervolg van kol. 3)

**maar sodra hulle kennis maak met die beleid daarvan, vind hulle dat dit presies die dinge is waarvoor hulle ook staan.** Daar word gevoel dat by gebrek aan vertroue in die bestaande partye en die parlementêre stelsel self, die soldate ryp is vir selfs kommunistiese idees, maar dat die kleurbeleid van die teenswoordige kommunistiese leiers in ons land gelukkig hierdie neiging nog teëwerk. **'n Beweging soos die Ossewabrandwag, egter, wat 'n drastiese omskepping van die parlementêre demokrasie beoog en 'n sosialistiese beleid aanbied, kan hierdie gevaar voorkom. Dit is net die ding wat die soldaat begeer,** word verklaar.

# POLITIEKE SLAGOFFERS VAN 'N PARTYBEWIND



E. E. P. KOLBE.

**In hegtenis geneem te Port Elizabeth op 14 Aug. 1940 en geïnterneer te Andalusia. Geen rede bekend vir hierdie vervolging nie.**

* * *

**„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie."**

# Werkers Soek Vastigheid

## Stakings in V.S.A

Stakings is aan die orde van die dag in Amerika. Dit gaan nie net om die gebruiklike eise om loonsverhogings en beter werktoestande nie. **Dit skyn nou asof die Amerikaanse vakbonde 'n groot depressie verwag ná die huidige bloeitydperk, en dat hulle tans 'n stryd voer om die posisie van die arbeiders sterk te kry in geval van die depressie. Hulle beweer dat die werk gerantsoeneer moet word in die depressietyd net soos voorrade gerantsoeneer is toe dit weens die oorlog skaars was.**

Byna 500,000 werkers staak dwarsdeur die V.S.A. Oliewerkers, motor-werkers en werknemers in baie ander bedrywighede is betrokke.

Die Amerikaanse werkers is as geheel nie kommunistiesgesind nie. Die dinge waaroor hulle nou staak kom in kort daarop neer dat hulle 'n geplande stelsel verlang sodat die werker gewaarborg kan wees teen kapitalistiese bokkespronge, netsoos die O.B. hom beywer vir 'n geplande stelsel ook vir die Suid-Afrikaanse werker.


*Nou Reeds*

*1,666*

*Aandeelhouers*

•

124,500 Aandele

(£31,125)

vanaf Mei 1945

ingeskryf

•

*Perskor* *verteenwoordig*

*Nuwe Rigting*

*in ons Perswese*

•

U het nou die geleentheid om hand by te sit

•

Pers-Beleggingskorporasie Beperk

Posbus 1411, Kaapstad



PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Beperk

MôREMARK (Posbus 7185) NEWTOWN


# DIE KERSGROETE-BOODSKAPPER!

# STUUR KERSFEESKAARTJIES

MET

## O.B.-WAPEN

DIE HELFTE VAN DIE WINS WAT OP HIERDIE KAARTJIES GEMAAK WORD, WORD AAN DIE BOEREJEUG GESKENK.




Kom daar geen einde dan, geen uitkoms meer,
dat in ons volk die suiwer witte vlam
van vryheid op sal laai en hul verteer,
dat bloeisels uitbreek aan die dorre stam?
— W. E. G. Louw.

*MET KERSFEESGROETE EN MAG DIE NUWE JAAR U NADER BRING AAN DIE VERWESENLIKING VAN U VRYHEIDS-IDEAAL*

(Een van die 12 bewoordings)

12 VERSKILLENDE KAARTJIES MET VERSKILLENDE ONTWERPE, IN DRIE KLEURE GEDRUK EN MET 12 VERSKILLENDE BEWOORDINGS

DIE O.B.-WAPEN VERSKYN BINNE-IN

MET KOEVERTE **4/3** PER DOS., POSVRY

SONDER WAPEN

DIESELFDE KAARTJIES IS OOK VERKRYGBAAR

SONDER WAPEN **4/-** PER DOS., POSVRY

# VIR DIE VOLK

Elke land het sy populêre reekse Boeke wat vir die volk geskryf is. Engeland het sy „Penguin Books" en „Pelican Books". Amerika sy „Pocket Books". Duitsland het sy „Reclam Universal Bibliothek", ens. ens. Die pryse van hierdie boeke is ook meestal in die bereik van elke persoon.

# DIE FAKKEL BOEKE

## WIL VIR ONS VOLK HIERIN VOORSIEN

**Eerste Uitgawes:**

(1) DIE VERSKRIKLIKE DR. PERRON

deur WALTER SPIETHOFF — 2/9 Posvry

Dr. Perron is 'n onderwyser, wat in Europa gestudeer het. 'n Vrou van 'n nou welgestelde boer, wat na die dorp verhuis het, het hom gehuur om die fyn maniere van die vasteland aan haar kinders te leer. Hy raak betrokke in komiese insidente, wat u sal laat lag dat daar trane in u oë kom.

(2) MARYNA OF DIE KAMFERHOUTKISSIE

deur M. MALHERBE en A. E. CARINUS — 2/9 Posvry

'N HERUITGAWE van hierdie welbekende Roman.

'N JAARLIKSE INSTELLING:

ONS SKRYWERS SE DAGBOEKIE VIR 1945

Hierdie boekie gee nie net die gewone gegewens wat 'n mens in so'n boekie verwag nie, maar ook lyste van Afrikaanse romans ens. wat gedurende 1945 verskyn het, asook die verjaardae van ons Skrywers .. .. .. Prys 2/8 Posvry.

# Pro Ecclesia - Boekhandel

POSBUS 29 — STELLENBOSCH

*Vra om Die Kersgeskenk-Uitgawe van „Uit Ons Boekery"*

# BRIEF AAN MY DEMOKRATIESE VRIEND

## Twee Spanne Aan Een Wa Trek In Teenoorgestelde Rigting

Geagte Volksgenoot, — Ek het in my vorige brief aangetoon dat daar geen partystelsel in die Transvaalse Republiek was nie en ook in die Vrystaat was dit nie eens die gewoonte dat 'n kandidaat vir homself propaganda maak nie. Jy sal miskien nou wil weet wat dan eintlik die O.B. se oplossing vir ons politieke vraagstuk is. Daarom sal ek hierdie keer so'n bietjie stilstaan by die belangrikste van al ons vraagstukke — die parlement.

Ek dink ons sal dit almal eens wees dat die kommunistiese gevaar vandag seker alle ander bedreigings oorskadu. In ons land, waar hierdie vraagstuk nog saamhang met die kleurvraagstuk as gevolg van onverantwoordelike agitasie deur kommuniste, is dit 'n oorheersende vraagstuk. Ook die H.N.P. het onlangs 'n kongres gehou wat net hierdie onderwerp wou bespreek. **Hulle kon egter nie hul werk afhandel nie, omdat hulle deur die kommuniste belet is.**

**Die kommunisme is 'n parasiet wat teer op kapitalistiese uitbuiting en demokratiese onmag. Soos voëlent op 'n boom groei, so groei die kommunisme op die kapitalisme en die demokrasie, en sodra hy hierdie twee dinge „gelikwideer" het, soos hy voorgee sy doel is, verander hy self in kapitalisme en verloën sy kamstige ideale, soos tans in Rusland gebeur.**

### LANG SWEEP

As ons hierdie vraagstuk wil oplos, moet ons by sy wortel begin. As diere jou lande opvreet, sal dit wel nodig wees om 'n lang sweep te hê waarmee jy hulle uitjaag, **maar op die duur sal daardie sweep jou niks baat nie, tensy jy die inkomplek van die diere toestop.** So mag dit nodig wees om vir tyd en wyl afweergroepe en strydspanne gereed te hou teen kommunistiese geweldpleging — soos die H.N.P. ook nou besluit het nadat hulle dit eers by die O.B. afgekeur het — maar dit is maar 'n noodmaatreël. **Jy moet sy wortel afkap en daardie wortel is die kapitalistiese uitbuiting en demokratiese onmag om uitbuiting stop te sit.**

Hieruit blyk dit reeds vanself dat jy nie by die kapitalisme kan begin nie, **maar dat jy by die parlementêre demokrasie moet begin wat die middel behoort te wees om kapitalisme stop te sit, maar dit weens sy ingeskape swakheid nie kan doen nie. Jy moet eers 'n stelsel kry wat kan afreken met kapitalistiese uitbuiting, en daardie stelsel is nie die parlement nie, want die parlement is juis die kapitaliste se wapen. Dit kan dus nie ook ons wapen wees nie.**

### 1924

Om dit vir jou te bewys, neem ek jou terug na 1924. Die H.N.P. vereenselwig hom met die ou Nasionale Party en hy noem homself anti-kapitalisties. Nou, **daardie anti-kapitalistiese party het sedert 1924 saam met 'n sosialistiese party, die Arbeiders, geregeer, en so min het hulle die wese van ons groot vraagstukke aangeraak dat die kapitaliste vandag in 'n sterker posisie is as ooit tevore en ons kleurvraagstuk so kritiek is dat selfs dr. Malan aan die begin van die jaar 'n beroep op die parlement gedoen het om hierdie vraagstuk nou maar buite die politiek te hou.** Ek sê, dit is die toestand ondanks die feit dat 'n anti-kapitalistiese en sosialistiese party-kombinasie twintig jaar gelede aan bewind gekom het. En die skuld daarvoor lê nie by die leiers van daardie party nie, want as daar ooit iemand in ons partypolitiek was wat nie teruggedeins het om sy wil deur te voer nie, dan was dit wyle genl. Hertzog. **Dog die stelsel waarmee hy hom moes behelp, het sy hande gebind, en die besef van hierdie gebondenheid was seker een van die grootste beweegredes vir genl. Hertzog om in 1933 tot samesmelting van die partye oor te gaan — dit was 'n poging om partypolitiek uit te skakel, maar dit het misluk omdat hy dit nog binne die parlementêre stelsel wou doen.** Die opening was dus gelaat vir ander en nuwe partye om voort te gaan met hul onmag-boerdery.

### WAAROM SO?

Wat is dit dan wat die parlementêre stelsel so onmagtig maak? Laat ons sien. As boereseun sal jy weet dat 'n mens 'n wa vooruit laat beweeg deur 'n span osse vooraan hom te hak. As daardie wa vasval en jou span osse is te swak, hak jy desnoods 'n tweede span langs hom vooraan die wa. Alle osse trek in een rigting, en die wa moet dus vooruit beweeg. Maar wat sal jy daarvan sê as 'n boer sy wa uit die modder wil trek waar dit vasgeval het, en hy gaan hak een span vooraan die wa en die ander agter aan en nog ander langsaan die wa, en dan hoop hy maar dat die sterkste span die wa na sy rigting sal uittrek? En hier het ons die verskil tussen die politiek van 'n volksbeweging en parlementêre partye:

**Die volksbeweging wil net een span — dit is die hele volk — vooraan die volkswa hak, maar die parlementêre stelsel glo daaraan dat jy een span vooraan die wa en 'n ander agteraan die wa moet hak — jy moet 'n regeringsparty hê wat 'n sekere beleid voorstaan, en 'n opposisieparty wat net die teenoorgestelde beleid voorstaan. Hierdie twee partye moet dan voortdurend teen mekaar trek,** en as jy of ek lus het om nog meer partye te stig, dan gaan hak ons hulle aan die kante van die wa — dan sit ons wat hulle noem op die „dwarsbanke" van die parlement.

**Die volk werk dus nie saam teen gemeenskaplike gevare en vraagstukke nie, maar hy word verdeel in twee of meer partye wat teen mekaar toutrek in plaas van te trek aan die vraagstuk. En net soos jou wa nooit in der ewigheid op so'n wyse uit die modder gesleep sal word nie, net so min kan jou volk uit die modder van vraagstukke gesleep word. Hy sak elke jaar net dieper in.**

Maar daaroor volgende keer.

---

● Vir die skoonmaak van vensters: Een deel paraffien, een deel brandspiritus, een deel water. Skud hierdie bestanddele goed, gooi 'n bietjie op die lap en vrywe die vensters daarmee. Dit gee hulle 'n pragtige glans

—o—

● Voeg 'n teelepelvol glycerine by die uitspoelwater van enige flenniemateriaal. Dit verhoed dat die materiaal hard word.

# NATURELLE VEG MET GEWERE

'n Sapa-berig uit Durban meld dat daar verlede week 'n stamgeveg tussen naturelle plaasgevind het waarin gebruik gemaak is van vuurwapens. „Ooggetuies verklaar dat daar op een tydstip soveel as 800 naturelle onder wapen was. Haelgewere, gewere en rewolwers is gebruik."

Daar word bygevoeg dat een naturel doodgeskiet en vyf ander in ernstige toestand in die hospitaal opgeneem is.

Die regering het die blankes ontwapen. Intussen is die kommuniste besig om die naturelle op uitgebreide skaal te bewapen. Gaan die regering iets doen om vas te stel hoeveel vuurwapens reeds onder die naturelle uitgedeel is? En gaan hy hulle ontwapen?

# K.G. OP BETHAL

'n Goedgeslaagde funksie is deur die Bethal-Oos-kommando op 25 Augustus in die plaaslike stadsaal gehou, waar die mooi bedraggie van £71.14.0 skoon bygemekaar gemaak is vir die Noodhulpfonds.

Ons het die eer gehad om ons K.G. in ons midde te hê, wat die oggend deur 'n optog die dorp ingelei is. Na 'n aangename verkoping en smaaklike koue ete, het die K.G. die middag aan die woord gekom voor 'n gehoor van ongeveer 500 mense onder wie ook heelwat andersdenkendes, selfs regeringsondersteuners.

Almal teenwoordig in die vergadering het die toespraak van die K.G. baie geniet, en na die vergadering is van regeringsondersteuners verneem dat hulle die manier van vergadering hou waardeer sowel as die feit dat die K.G. nie uitvaar teen sy mede-Afrikaner nie.—(Ingestuur.)


WYNE EN BRANDEWYN

AANDAG!!

—o—

SPESIALE VERMINDERING VAN PRYSE IN BELANG VAN ONS TALRYKE KLANDISIE (slegs geldig vanaf 1 Oktober tot 31 Desember eerskomend).

—o—

GENIET WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURS WAT SELF HUL ROEMRYKE POPULARITEIT VERWERF HET . . . ONGEEWENAARD IN ELKE OPSIG.

—o—

PRYSLYS:

| | Per bottel in kissies van 12 bot. | Per gelling in 5-gelling-Vaatjies |
|---|---|---|
| **WYNSOORTE:** | | |
| Spesiaal Soet | 2/3 | 10/6 |
| Wit Jeripiko | 1/6 | 8/- |
| Rooi Jeripiko | 1/6 | 8/- |
| Malmsey | 1/6 | 8/- |
| Wit Muskadel | 1/5 | 7/6 |
| Rooi Muskadel | 1/5 | 7/6 |
| Soet Port | 1/5 | 7/6 |
| Port | 1/4 | 7/- |
| Pontak | 1/4 | 7/- |
| Worcester Hock | 1/4 | 7/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/4 | 7/- |
| Goue Sjerrie | 1/4 | 7/- |
| Ou Bruin Sjerrie | 2/3 | 10/6 |
| Hanekraai | 4/- | — |
| Vermouth (Franse en Italiaanse Tipes) | 2/9 | — |
| **FONKELWYN:** | | |
| „La Vie" | 7/6 | — |
| Monis Grand Spumante | 10/- | — |
| **BRANDEWYN:** | | |
| Eureka | 8/- | — |
| A. 1 | 7/6 | — |
| Boegoe | 7/6 | — |
| **LIKEURS:** | | |
| Kersie | 6/3 | — |
| Anys | 6/3 | — |
| Gemmer | 6/3 | — |
| Van der Hum | 6/3 | — |
| Creme de Menthe (Peperment) | 7/- | — |
| **JENEWER** | 7/6 | — |
| **JENEWER-LIKEURS:** | | |
| Lemoen | 7/6 | — |
| Suurlemoen | 7/6 | — |

—o—

ENIGSTE VOORWAARDES!

(i) Deposito's, nl. 20/- per vaatjie en 5/- per kissie met bottels moet alle bestellings vergesel.

(ii) Bestellings word slegs uitgevoer KONTANT MET BESTELLING of KONTANT BY AFLEWERING plus K.B.A.-koste, VRY OP SPOOR VLAKTEPLAATS.

(iii) Bestellings per kissie mag bestaan uit verskillende soorte drank, mits dit 'n kissie van 12 bottels is.

—o—

LAAT U KERSFEES-KEUSE VAL OP DIE GEURIGE EXCELSIOR-DRANKE . . . UITSTEKEND VIR ELKE GELEENTHEID.

Tevredenheid onvoorwaardelik gewaarborg of geld terug.

—o—

Bestel nou van:

EXCELSIOR WYNMAKERY

Posbus 1. Foon 902. Telegr.: EXCELSIOR VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.



BOERE!

Om 'n sukses van u BOERDERY te maak, woon een of ander erkende LANDBOU-KOLLEGE by of word dadelik 'n student van B.K.K. en kry dieselfde diens by u huis deur middel van ons uitstekende KORRESPONDENSIE KURSUSSE in:

● BEESBOERDERY £10 kontant (of £12 op terme)

● BYEBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

● BOERDERY-BOEKHOU £5 kontant (of £7 op terme)

● PLUIMVEE-BOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

● SKAAP- EN WOLBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

● TABAKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

● VARKBOERDERY £5 kontant (of £7 op terme)

HUISVROU!

Met B.K.K. se beroemde HUISHOUDKUNDE-KURSUS sal u Huishouding 'n plesier wees. — £5 kontant (of £7 op terme)

DIENS!

As u eenmaal 'n lid is van een van B.K.K. se Departemente, bly u altyd 'n lid en ontvang u gratis die raad van DESKUNDIGES vir u besondere geval.

Stuur dadelik u inskrywingsgeld aan:

PRINSIPAAL

BOERDERY-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

POSBUS 180 STELLENBOSCH

# Uitgelewer aan Engeland met Voedsel en al

Ons lees in die Smuts-pers dat 'n oproep gedoen word om £1,000,000 se voedsel bymekaar te maak vir die spensrakke van Brittanje.

Die Britse onderminister van voedsel het verklaar dat weens die vleisrantsoen, „slegs een warm maaltyd per dag toegelaat word". Die kwynende party aan bewind in ons land is erg begaan daaroor, en doen nou so wat hy kan om Ma Brittanje se spensrakke te voorsien van voedsel. Die ellende in hul eie land bemerk hulle egter nie. Duisende ly by ons broodgebrek, en het selfs nie eers een warm maaltyd per dag nie. **Tog is ons Regering besig om voedsel uit te voer teen minder as die produksiekoste na Brittanje.**

Vleis waarvoor die Britse regering sy neus optrek, omdat hy nie die prys wil betaal wat ons produsente op die Suid-Afrikaanse mark kry nie, word opgekoop met Suid-Afrikaanse geld en vir hom as 'n geskenk aangebied. Ons suiker, waaraan daar in die Unie self 'n tekort is, word teen 'n verlies na Engeland uitgevoer, wat gedek moet word deur die Unie-verbruiker. Die partypolitiek het ons uitgelewer aan 'n vyfde kolonne van Engeland!

# Boerejeug Hou Groot Kamp

'n Geslaagde Boerejeug-laertrekking, gereël deur die generaalskap TA2, is gehou op die Boerejeuguitspan, Durbanville, 28 September tot 2 Oktober. Die kamp het gestaan onder bevel van waarn. jeughfkomdt. S. Kamffer, bygestaan deur komdte. Cloete en komdt. Truter wat alle lof verdien vir die sukses.

As huisvader en -moeder het opgetree komdt. Steyn van Elsiesrivier en mev. Van Zyl van Goodwood.

Ongeveer 80 seuns en dogters van die twee Kaapstadse generaalskappe was teenwoordig. Deeglike afrigting in vlaghysing en -stryking asook wagtewisseling was aan die orde van die dag. Ook is spesiale aandag geskenk aan die algemene netheid van die laer, veral dié van tente.

Saterdagmiddag het asst.-hfkomdte. Furgeson 'n baie interessante spindemonstrasie gelewer, terwyl hoofkomdt. Laubscher die aand ook sy belangstelling betoon het deur middel van 'n toespraak.

Die laer het die eer gehad om besoek te ontvang van genl. J. de Vos en genle. mev. J. S. du Toit. Laasgenoemde was veral getref deur die netheid van die laer en die deeglikheid waarmee seuns en dogters afgerig word.

Genl. De Vos het deur middel van 'n kort maar kragtige toespraak eenheid binne die geledere van die jeug beklemtoon.

**Die O.B.-wag van Kaapstad wat op Bellville gekampeer het, het Saterdagaand onder bevel van wagkomdt. Hickman in gelid gestap tot by die Jeugkamp naby Durbanville waar hulle die aand deelgeneem het aan die verrigtings. Hulle het dieselfde aand nog weer teruggestap — altesame 'n afstand van 16 myl.**

# Brittanje se Haglike Geldelike Toestand — Uitvoer of Sterf

**('n Uiteensetting deur ons Ekonomiese Medewerker)**

Die kreet „uitvoer of sterf", so dikwels deur vooraanstaande Britse politici en ekonome gedurende die afgelope tyd aangehef, is nie 'n slagspreuk wat net van akademiese belang is nie. Vir die Britte is dit van lewensbelang: 'n kwessie van botter en brood. Die spreuk het natuurlik voor die oorlog ook gegeld, maar toe was Brittanje se ekonomiese en finansiële posisie sodanig dat hy vir sy nodige invoere kon betaal. Toestande is egter deur die oorlog tot so 'n mate verswak dat die voedselverskaffing aan die Britse volk daardeur bedreig word.

Brittanje produseer naamlik nie genoeg lewensmiddele om sy bevolking te kan voed nie, hoewel daar uit noodsaak 'n verhoging in produksie plaasgevind het gedurende hierdie oorlog. Hy spesialiseer meer bepaald in die produksie van tekstielgoedere en yster- en staalprodukte soos b.v. motors en masjinerie. Hierdie artikels word uitgevoer sodat hy met die geld daaruit ontvang, voedsel kan aanskaf. Om dus genoeg te kan eet, moet voldoende uitvoerartikels verkoop word en moet sy buitelandse skulde wat hy moet vereffen, nie baie groot wees nie.

En dit is met betrekking tot hierdie twee voorwaardes dat die oorlog 'n groot ommekeer in sake teweeggebring het.

## PROBEERSLAE

Dit is ten gevolge van hierdie voorgenoemde omstandighede dat daar by voorbeeld 'n Britse sending na Amerika is en dat daar toe in die „geheim" — wat volgens die koerante darem uitgelek het — gebruik gemaak is van argumente betreffende die groter bydrae van Brittanje tot die oorlogspoging; daarom dat, soos Sapa berig, die kwessie van afskrywing van skulde deur die dominiums op die konferensie ter sprake gekom het; daarom dat Britse skepe liewer die Panama-kanaal moet vermy; daarom dat Brittanje by voorkeur klaargemaakte goedere en nie halfklaargemaakte artikels nie wil uitvoer. Klaargemaakte goedere sal beter pryse op buitelandse markte behaal en dus die uitvoerwaarde verhoog. Die Panama-kanaal vereis fooie in terme van dollars, en dit verminder Brittanje se dollars wat hy vir voedselaankope kan gebruik.

Daar is dikwels beweer dat Brittanje 50 persent meer sal moet uitvoer as voor die oorlog om dieselfde hoeveelheid invoergoedere te kan koop. Hierdie ramings mag selfs nog 'n onderskatting van die werklike vereistes gedurende die volgende aantal jare wees.

Voor Wêreldoorlog Nr. 2 het hy gedurende 1936-1938 gemiddeld £866 miljoen se produkte ingevoer. Byna niks hiervan kon as weelde-artikels geklassifiseer word nie. Byna die helfte van die invoere was in die vorm van voedsel, drank en tabak en die ander helfte was grondstowwe, masjinerie en brandstof wat noodsaaklik was vir die sekondêre nywerhede.

## HOE BETAAL HY?

Op watter wyse is hiervoor betaal? Uitvoer van produkte kon alleen vir £478 miljoen se invoere of effens meer as 50 persent daarvan betaal. Die res is betaal met geld wat verkry is deur middel van die lewering van finansiële dienste, b.v. versekering wat £40 miljoen gemiddeld per jaar opgelewer het (1936-38), skeepsdienste £105 miljoen en buitelandse beleggings wat gemiddeld £203 miljoen aan rente en dividende gelewer het. Die orige bedrag van £40 miljoen wat toe nog verskuldig was aan die buiteland, is betaal deur buitelandse bates te verkoop en lenings aan te gaan.

Die vraag ontstaan nou: **Sal Brittanje, as hy nou weer £866 miljoen se goedere moet invoer, daarvoor kan betaal, hetsy deur middel van uitvoere, hetsy met inkomste uit finansiële en skeepsdienste en beleggings?** Om in die eerste plek netso veel produkte uit te kan voer as voor die oorlog sal inspanning kos nie soseer in die voortbrenging van die uitvoerware nie, want die produksievermoë van die land is groot genoeg, **maar in die afset daarvan. Die Verenigde State het, ten gevolge van die bruikleenskema, gebiede betree wat in die komende jare voorkeur aan sy produkte mag gee. Die Britse uitvoere het in 1943 tot £232 miljoen gedaal. In vergelyking met 1936-38 moet hy dus 'n agterstand van £246 miljoen inhaal.** Meer nog, sy pryse het nie verminder nie, maar verhoog. Die produksiekoste van sy staal en steenkool maak sy metaalgoedere so duur dat hulle moeilik sal kan meeding in die buiteland. Tekstielgoedere gaan ook al dieselfde weg. Op die oomblik sal uitvoermarkte maklik gevind kan word, want daar is 'n groot onversadigde vraag in verwoeste Europa, maar hierdie toestand van groot-vraag-en-klein-aanbod sal spoedig verander in 'n toestand van groot-aanbod-en-geen-vraag.

## VERSKUIWING

Brittanje se inkomste uit finansiële dienste sal nie noodwendig in die toekoms afneem nie, hoewel dit mag gebeur gesien die byna algehele verskuiwing van die swaartepunt van internasionale finansies van Londen na New York, 'n proses wat reeds teen 1918 begin het. Die aanvraag vir Britse skeepsdienste sal in alle waarskynlikheid in die toekoms nie verhoog nie, eerder verminder, enigiets tussen 30 persent en 50 persent, tensy die volume van internasionale handel grootliks uitbrei, iets wat op die oomblik nie baie waarskynlik lyk nie.

**Terwyl aan die een kant die Amerikaanse tonnemaat aan skepe baie toegeneem het, het die Britse skeepvaart aan die ander kant 'n netto verlies van ongeveer 3 miljoen ton gely. Die voorsprong en oorheersende mag van die V.S.A. in hierdie opsig is onbetwisbaar.**

Die verswakking in die Britse posisie ten opsigte van buitelandse beleggings baar veral sorg, meer nog as in die geval van die bogenoemde items. Sy bates in die buiteland waaruit hy die £203 miljoen per jaar verdien het, het £4000 miljoen bedra. **Ten gevolge van die aankope van ammunisie en ander noodsaaklikhede in die buiteland, veral voor die inwerkingtrede van die bruikleenskema, het hierdie bates met minstens £2000 miljoen verminder, en sy jaarlikse inkomste uit die restant sal nie meer as ongeveer £100 miljoen wees nie.**

## AGTERSTAND

Opsommend, moet Brittanje die volgende agterstand in vergelyking met 1936-38 probeer inhaal:—

| | |
|---|---|
| Daling in uitvoere (teen 1943) | £246,000,000 |
| Verlies aan inkomste uit finansiële en skeepsdienste | £60,000,000 |
| Vermindering in inkomste uit beleggings in buiteland | £103,000,000 |
| Totaal | £409,000,000 |

As Brittanje dus weer £866 miljoen se goedere wil invoer, sal hy addisionele uitvoermarkte moet probeer vind vir produkte ter waarde van minstens £409 miljoen as hy die tekorte nie op ander maniere kan dek nie. Of as ons aanneem dat hy die markte van 1936-38 nog behou het en dat hulle weer £478 miljoen se uitvoere sal neem, moet hy nuwe afsetgebiede vir £193 miljoen se goedere vind, 'n vermeerdering van 40 persent.

Dit is egter nog nie al nie. Deur aankope op krediet te doen veral uit die statebondlande, het Brittanje in die oorlog 'n korttermynskuld opgebou wat volgens uitlatings van die Britse departement van finansies 'n totaal van om en by £4000 miljoen sou bedra. Die grootste krediteur is Indië.

## BETAAL DALK NIE

**Hierdie groot bedrag moet binnekort terugbetaal word tensy die krediteure gewillig is om die skuld te laat omskep in 'n langtermynlening wat oor 'n tydperk van, of na, 20—25 jaar terugbetaal kan word, of Brittanje eenvoudig vry te stel van die verpligting tot terugbetaling.**

Wat ook mag gebeur, is dat die skuldeisers 'n gedeelte van die skuld mag afskryf en die ander gedeelte na 'n langtermynskuld verander. Al sou ons die gunstigste (vir Brittanje) voorwaardes vir die likwidering van hierdie skuld aanvaar, sal dit nogtans 'n swaar las op die Britse volk plaas. Gestel dat £1000 miljoen kwytgeskeld word, £1000 miljoen binnekort afbetaal moet word en dat £2000 miljoen oor 'n tydperk van 25 jaar gelikwideer mag word teen 'n rentekoers van 3 persent, op rekening van laasgenoemde item sal Brittanje jaarliks £115 miljoen aan die buiteland moet betaal. Dit kan hy ook alleen deur middel van uitvoere doen. **Voeg hierdie bedrag by die £193 miljoen wat ons vroeër genoem het, en die resultaat is dat hy £308 miljoen se waarde aan goedere meer moet uitvoer as in 1936-38, of 65 persent meer as in 1936-38.**

## PROBLEEM

Waar Brittanje die £1000 miljoen gaan kry om skuldeisers te betaal wat spoedige vereffening eis, tensy 'n gelyke bedrag aan buitelandse bates verkoop word — 'n metode wat seker nie aangewend sal word nie — is 'n probleem wat die Britse afvaardiging in Amerika nou skynbaar probeer oplos. Die enigste bron is die V.S.A. En dit bring ons by die kwessie van die Anglo-Amerikaanse finansiële betrekkinge wat ons in 'n volgende artikel kortliks sal behandel.

*£1000 vir u Oë*

**Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.**

***DUWAS***

***Die Antiseptiese en Helende Oogwas. — 5/- posvry.***

**'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.**

**Van alle Apteke, of direk van**

**DIE VOORTREKKER-APTEEK**

**KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (Bus 2760). MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (Bus 765).**

# JODE SE HARE BEGIN RYS IN AMERIKA

## Vat Ook Skrik Vir Ku Klux Klan

**In die jongste uitgawes van *The Jewish Herald* verskyn daar etlike berigte oor anti-Joodse bedrywighede in die Verenigde State van Amerika — berigte wat 'n mens die indruk gee dat in daardie groot „demokrasie" 'n groeiende anti-Joodse gevoel begin posvat.**

„Joodse organisasies in Amerika is meer as ooit begaan oor die toenemende anti-Joodse propaganda in die land. Noudat die oorlog in Europa oor is, word anti-Joodse groepe steeds bedrywiger, aangesien hulle nie langer bevrees is vir die beskuldiging van Nazi-propaganda te versprei nie", lui 'n berig in die Jewish Herald uit Washington.

Die bekendwording dat die United States Armed Forces Institute 'n korrespondensie-kursus onder lede van die gewapende magte laat sirkuleer het, wat anti-Joodse stukke bevat, het die bedruktheid van die Amerikaanse Jodedom vergroot, verklaar die blad voorts.

Die blad onderstreep dat nieteenstaande Joodse organisasies, na onderhandeling met die owerheid, daarin geslaag het om die gewraakte stukke herroep te kry, dit tog duidelik uit die voorval blyk dat daar persone in die leër en in die vloot is, wat belang het by die verspreiding van anti-Joodse propaganda. In 'n verdere berig meld die blad dat Andre Siegfried, die skrywer van „America Comes of Age", waaruit die gewraakte anti-Joodse stukke gehaal is, tans lesings voordra aan Amerikaanse soldate en matrose in Parys!

### KU KLUX KLAN

Oor die Ku Klux Klan, die skouspelagtigste van alle blanke organisasies in Amerika, en wat dateer uit die dae van die Amerikaanse burgeroorlog en daarna, toe lede van die liggaam in lang wit gewaad geklee, summier vonnisse gevel en voltrek het op negers — vrygemaakte slawe — wat die eer van blanke vroue geskend het, berig die Jewish Herald soos volg:

„**Leiers van die Ku Klux Klan beraadslaag oor die moontlikhede van 'n 'landswye anti-Joodse Party' wat in staat sal wees om 'n presidensiële kandidaat vir die 1948-veldtog te nomineer.**

„Mnr. J. B. Stones, die suidelike 'Gauleiter' van die Ku Klux Klan, wat gevestig is in Chattanooga, het onlangs by sy huis koukus gehou met vertroude lede van die Klan ten einde die stigting van 'n 'landswye anti-Joodse party' sowel as moontlike kandidate vir die Wit Huis te bespreek".

### NAME GENOEM

Die blad verklaar dat die name van drie kandidate genoem is, t.w. oud-Senator Robert R. Reynolds, wat 'n paar maande gelede die Amerikaanse Nasionale Party gestig het; kol. Charles Lindbergh; en Senator „Poppy" W. Lee O'Daniel, die nie-amptelike leier van die „Christian Americans", wat die blad beskryf as „een van die bes-gefinansierde profascistiese groepe in die Verenigde State".

Voortgaande met sy berig, uit New York afkomstig, oor die Ku Klux Klan, verklaar die Jewish Herald dat leiers van die Klan, sowel as „Führers" van die ander fascistiese organisasies, gedurende die ophande-synde somer, 'n geheime kongres sal hou, moontlik in Detroit, om die stigting van 'n massa-fascistiese party te bespreek — 'n party wat alle „nazi-gesinde" elemente sal verenig. Die eenhede van die party sal „Christian Action"-komitees wees, wat vir alle plaaslike gemeenskappies gestig sal word.

### „BEDRIEËRS"

Die Jewish Herald vertel van nog 'n anti-Joodse organisasie in die V.S.A., wat bekend staan as die „United Israelites", of soms ook die „Anglo-Israelites".

„Die 'Anglo-Israelites' glo dat die nie-Jode (Gentiles) in plaas van die Jode, God se uitverkore volk is, en dat die Jode bedrieërs is, en 'nie die saad van Abraham' nie", verklaar die blad. Hierdie mense het 'n nasionale anti-Joodse kongres in Los Angeles gehou, waarop tussen 1000 en 1500 afgevaardigdes teenwoordig was. Die Jewish Herald se berig lui dat hierdie kongres gekenmerk is deur etlike anti-Joodse toesprake, waarin die Jode o.a. beskryf is as „leueaars", „moordenaars" en „vuilgoed".

### „MOEDERS" SE EIS

Ten aansien van die Jode se eis om 'n nasionale tuiste in Palestina, plaas die Jewish Herald 'n interessante berig. Dit lui: „Die Arabiere in Palestina het 'n nuwe vriend in die V.S.A. ryker geword, nl. die vroue-organisasie bekend as 'We, the Mothers, Mobilize for America'. Hierdie organisasie sirkuleer tans 'n petisie wat daarop aandring dat 'Palestina vir 4000 jaar die tuiste van die Arabiere is, en vir baie duisende jare die bakermat van die Christendom'. Die 'moeders' vra derhalwe dat 'Palestina beheer moet word deur die Christene, dwarsdeur die wêreld'.

„'n Ander petisie wat die 'moeder' sirkuleer, eis dat alle Jode aangewys moet word as lede van 'n 'aparte, andersoortige nasie', afgesien van geboorte- of woonplek. Dit versoek die Amerikaanse Kongres om die Jode 'n 'aparte' ras te verklaar omdat 'Jode nog nooit geassimileer het nie, maar hul eie nasionaliteit behou het' ".

Uit al hierdie berigte, ontleen aan 'n Joodse bron, wil dit voorkom asof daar 'n kwaai anti-Joodse gevoel in die V.S.A. bestaan. Dit herinner onwillekeurig aan die gevoel teen die Jode wat in Duitsland sterk begin oplaai het na 1918, en wat deur die Duitsers self verklaar is uit die feit dat toe die Duitse soldate van die gevegsfronte teruggekeer het na die burgerlike lewe, hulle die Jode in beheer gevind het van wat genoem is „die Duitse lewe".

### EIE VOORBEELD VIR ONS GENOEG

Veldmaarskalk Smuts vind dat ons volk nie genoeg besiel is met 'n warm nasionalisme nie. Hy gee aan die hand dat ons die Skotte moet navolg, want „hulle is trots op hul Skotse bloed en getrou aan hul tradisies, maar ook getrou aan die breër lewe waaraan hulle gewoond is en 'n deel het".

**Onder die party-politieke bewind van die Unie-regering word die gebrek gevoel.** Onder die O.B. vind ons hierdie beginsel van toeka se dae af — ons het nie nodig om Skotte as voorbeeld te neem nie, maar kan as voorbeeld dien vir alle politieke, en in besonder party-politieke organisasies.

Die O.B. ken sy volk en sy tradisies, en laat koöperatiewe nasionalisme as grondbeginsel geld!

## O.B.-Wag Kamp Uit Op Robertson

Lede van die O.B.-wag van Robertson en Montagu het 'n aangename en uiters leersame kamp deurgemaak te Wolwegat, die O.B.-kampterrein van Robertson-kommando, van 29 September tot 1 Oktober. Die kampverrigtings is gelei deur wagkaptein Stemmet, bygestaan deur wagkaptein De Jager van Montagu.

Die Maandag het genl. Smith, vergesel van komdt. Kriel en adj. Barry 'n besoek aan die kamp gebring en hul goedkeuring uitgespreek oor die landsdiens wat verrig is asook die goedafgerigte wagte.

Die terrein is langs die grootpad geleë en menige verbygaande motoris se aandag is getrek deur die O.B.-vlag wat vrolik aan die vlagpaal gewapper het.

Die wagkaptein van Montagu is weg met die vaste voorneme om in die nabye toekoms reëlings te tref vir 'n soortgelyke kamp in die distrik van Montagu en die wagte van omliggende dorpe uit te nooi.—(Ingestuur.)

## Britse Generaal Beroep Hom op Pes by Gebrek Aan Menslikheid

**„Daar is net een oplossing: om voedsel na Duitsland in te voer", het veldm. Montgomery, bevelhebber van die Brits-besette deel van Duitsland, in 'n toespraak in Londen verlede week gesê.**

**Hy het gesê dat hy nie die Duitsers wil vertroetel nie, maar aan die ander kant wil hy ook nie dat uitgebreide hongersnood en siektes deur Europa versprei nie, soos onvermydelik sal gebeur indien toegelaat word dat honderdduisende Duitsers sterf.**

Montgomery het verwys na die griep-epidemie wat ná die vorige oorlog uitgebreek het, en gesê: „Epidemies is reeds aan die toeneem sover dit longontsteking, griep en tering betref. Om hierdie rede moet ons die minimum voedingspeil dwarsdeur die land handhaaf en veral moet ons die mynwerkers in die Ruhr-gebied voed indien Wes-Europa enige steenkool hierdie winter moet ontvang".

**Hierdie Britse veldmaarskalk kan blykbaar nie waag om in Engeland 'n beroep om menslikheid te doen nie — al het sy land ses jaar lank aan die wêreld voorgehou dat hy ter wille van menslikheid veg. Hy moet 'n beroep doen op sy mense se persoonlike veiligheid wat bedreig word deur pestilensie wat kan volg op die dood van „honderdduisende Duitsers".**

Die Geallieerdes was die groot voorvegters vir ordentlikheid — ten minste so moes ons hoor — en op die oomblik is hulle besig om hofsittings te hou met die doel om Duitsers te straf **wat nie genoeg kos aan vyandiggesinde Jode gegee het nie.** Ook het hulle die monde vol van Duitsers wat dan hulself beter sou gevoed het as die volke wat hulle verower het.

Die wêreld het dus gewag op 'n voorbeeld van menslikheid — hoe 'n mens jou vyand moet behandel soos jouself. **Maar Montgomery moet hom op pestilensie beroep en nie op grootmoedigheid nie, as hy iets vir die Duitsers gedoen wil kry, en dan nog moet hy byvoeg: „Ek wil dit duidelik maak dat ons nie voedsel na Duitsland sal stuur waaraan daar 'n tekort in die wêreld is nie".**

Maar waaraan is daar geen tekort nie? Alles behalwe haat en wraaklus!

VAN ZYLS
— DIE MANSUITRUSTERS —
PAARL

- Baie groot voorraad TENNISRAKETTE op hande.
- HERSNARINGS van rakette onder spesiale toesig.
- Netjiese SNYERSPAKKE. Skrywe om maatvorms en monsters.

BAIE GOEIE BEHANDELING
EN BILLIKE PRYSE

